

Les 6

Teks: Johannes 4: 1 - 30

1. Inleiding

Wat 'n mens onmiddelik opval is die kontras in Johannes. In die vorige hoofstuk staan ons stil by Nikodemus die geëerde Joodse raadslid. Maar nou staan ons stil by 'n naamlose vrou uit Samaria. Iemand wat waarskynlik deur die samelewing verag is, as gevolg van die verskeie mans wat sy reeds gehad het. Maar waar pas Samaria en hierdie vrou in Christus se bedieningsplan hier op aarde in?

2. Twee persone wat doop


Christus word bewus dat die Fariseërs die doop van Johannes tenoor die doop wat hy bedien opstel. Eintlik doop Christus nie self nie maar Sy volgelinge doop. 'n Praktyk wat later weer by Paulus na vore sou kom. Maar nie te min besluit Christus om eerder te vertrek as om in hierdie stryd oor watter doop die meeste gesag dra betrokke te raak. Daar was ook verskeie ander mense wat in hierdie tyd gedoop het. Maar duidelik het Johannes die doper en Christus die meeste volgelinge gehad wat wou gedoop word.

3. Samaria

Tussen die Noordelike Galilea en suidelike Judea tref ons Samaria aan. Hier woon die Samaritane. 'n Groepering wat eenkant van die jode, in die suidelike ryk bestaan. Hierdie afsydigheid het eintlik van die Jode se kant gekom. Omdat die Samaritane volgens die jode nie al bepalings van die Here onderhou nie. Daarom was hulle onrein. Maar die Samaritane het weer hulle geloof as die enigste ware geloof beskou, en die jode daarvan beskuldig dat hulle geloof in babel vermeng het met Babiloniese gebruike tydens die ballingskap. Een van die groot verskille tussen Samaritanisme en Judaïsme is die plek waar die Here aanbid moet word. Die Samaritane glo op die berg Gerisimberg en die mense van Juda die berg Moria waar Jerusalem is. Ons dit ook in vers 20 van ons teksgedeelte.

Dan is daar die roete deur Samaria. Christus was oppad na Galilea. Die reguit of korter pad na Galilea loop deur Samaria. Maar in hierdie tyd het die Jode eerder die langer roete anderkant die Jordaan gebruik weens die swak verhouding met die samaritane, om na Galilea te gaan.

Maar vers 4 maak dit duidelik dat Christus moes deur Samaria gaan. Hierin sien baie skrifverklaarders die goddelike afspraak met hierdie vrou. Op 'n sosio-historiese vlak was samaria steeds een land met die res, want beide was onder Romeinse heerskappy in hierdie tyd.



4. Teksverwysings

1. Genesis 22:2
2. Deuterenomium 11: 29
3. Matteus 10: 5 - 8
4. 1 Korinthiërs 1: 14 - 17

5. Vrae

1. Wat dink jy van die Samaritane, en wat sal jy die verhouding tussen die Jode en Israeliete in ons eie konteks vergelyk?
2. Vergelyk Nikodemus en die Samaritaanse vrou?
3. Hoekom glo die vrou so maklik vir Jesus in vers 25 en 26?
4. Watter effek het die geloof op die vrou sê lewe? (Vgl vers 28)
5. Is geloof 'n persoonlike saak vir ons eie binneste, verduidelik?

6. Bron:

1. Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#) (p. 216). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.
2. <https://en.wikipedia.org/wiki/Samaritans>